

Hoofstuk 18

Jacobus Janse van Rensburg (c2)

(c. 1733 -1803)

Oriëntasie

Jacobus Janse van Rensburg is omstreeks 1733 gebore en word nagenoeg 70 jaar oud voordat hy in 1803 oorlede is. Hy was 'n boer.

Hy trou, toe hy 20 jaar oud is, met die 15-jarige Maria¹ Botha. Maria is omstreeks 1738 gebore en haar sterfdatum is onbekend.

Hulle boer op plaase in die omstreke van die huidige Albertinia. Hulle het waarskynlik 17 kinders gehad van wie drie vroeg oorlede is.

Genealogiese gegewens

c2 JANSE VAN RENSBURG, Jacobus: *c. 1733²; ~Paarl 10.5.1733³; †Riversdal Dist. Welgelegen Des. 1803⁴; #Riversdal Dist. Welgelegen 15.12.1803⁵

x Stellenbosch 11.11.1753⁶: **BOTHA, Maria Catharina:** *c.1738⁷; ~Drakenstein 7.4.1738⁸; †Onbekend. Dogter van Jacobus Botha en Emerentia (Amerentia) Potgieter.

Jeug

Jacobus is vermoedelik op sy pa se plaas Twee Kuylen naby die huidige Albertinia gebore. Hy was die tweede kind van Johannes Janse van Rensburg en Anna Margaretha Botha. As tweede kind is hy vernoem na sy oupa aan moederskant, oud-heemraad, Jacobus Botha.

Hy word op 10 Mei 1733 in die kerk te Drakenstein gedoop. Daar is nie 'n geboortedatum vir Jacobus bekend nie. Met inagneming daarvan dat Twee Kuylen baie ver van Drakenstein geleë was en reise daarheen nie maklik onderneem is nie, is dit moontlik dat Jacobus vroeg in 1733 gebore is.


Jacobus se ouers woon tot 1765 op Twee Kuylen en dit kom voor asof Jacobus sy kinderjare aldaar deurgebring het.



Jacobus Janse van Rensburg

Op 11 November 1753 trou Jacobus, toe hy nagenoeg 20 jaar oud was, te Stellenbosch met sy kleinniggië¹⁰ Maria Catharina Botha, wat toe nagenoeg 15 jaar oud was. Maria was die dogter van Theunis Botha en Amerentia Potgieter. Jacobus se broer Nicolaas is terselfdertyd getroud met Alberta van Rooyen. Twee van Maria se sisters het met twee van Jacobus se broers getrou.

Maria se pa, Theunis Botha, was in werklikheid die seun van Ferdinandus Appel en Maria Kickers. Sy van moes dus Appel gewees het in plaas van Botha. Met Y-DNS- toetse is vasgestel dat manlike afstammelinge van Theunis Botha van dieselfde haplogroep is as manlike afstammelinge van Ferdinandus Appel¹¹.



Brokkies oor die vroeë Bothas

Maria Kickers was 'n Nederlandse weesmeisie wat na die Kaap gekom het en wat hier getroud is met Jan Cornelisz oftewel "Jan Bombam" in 1683¹³. Maria was blykbaar minder verfynd en het haar man in 1699 uitgeskel as "...minders als een knegt, ja minder als een Hottentot, ja minder als een hont..." en "... minder (als) een slaaf, of als een hont ..."¹⁴.

In 1686 is Frederik Botha by Jan Cornelisz waar hy om 'n kwart van die opbrengs werk.¹⁵ Frederik of Friedrick Botha het ook bekend gestaan as Friedrich Both en die "Both" het later Botha geword. Hy is op 4 Maart 1653 gebore in Wangenheim, Duitsland. Hy kom in die Kaap aan as soldaat in 1678. Hy word 'n vryburger in 1683 en werk by 'n paar boere.


Toe Jan Cornelisz en Maria Kickers in Januarie 1700 van mekaar skei met rede owerspel, weerspreek sy nie die aantygings van owerspel met Ferdinandus Appel en Frederik Botha en dat hulle die vaders van haar kinders is nie¹⁶. Jan Cornelisz word deur Maria as "onbekwaam" beskryf en blykbaar het haar en Frederik Botha se verhouding met die toestemming van haar man geskied¹⁷.

Frederik Botha en Maria Kickers word later skuldig bevind aan owerspel, verbergting van vee asook geweld teen ene Claas Das. Hulle word elkeen gevonnis tot verbanning na Mauritius vir 10 jaar, maar hulle moet afsonderlik van mekaar op Mauritius leef en moes ook Rds 100 as vergoeding vir die verbergde goedere betaal. Blykbaar het Frederik en Maria c. 1709 teruggekeer na die Kaap toe die buitepos op Mauritius gesluit is.¹⁸

Jan Cornelisz is in 1713 oorlede en Maria kon toe weer trou. Botha en Kickers trou op 21 Julie 1714¹⁹ in Stellenbosch.

Theunis Botha word op 15 April 1686 te Kaapstad gedoop as die kind van Jan Cornelisz en Maria Kickers, hoewel dit later sou blyk dat hy die kind van Ferdinandus Appel en Kickers was. Maria Kickers se kinders is gedoop met die aanduiding dat Jan Cornelisz hulle vader is, maar hulle het almal, insluitend Theunis, later verkieks om as Bothas bekend te staan.

Jacobus Janse van Rensburg



Woonplekke

Volgens die beskikbare gegewens het Jacobus en sy gesin in die omgewing van die huidige Albertinia gewoon, eers suid daarvan op Melkhoutfontein en daarna noord daarvan op Weltevreden.

Jacobus was nagenoeg 19 jaar oud toe die plaas aan hom toegeken is. Hulle woon vir 24 jaar op Melkhoutfontein, tot 7 Augustus 1776²¹, en trek vandaar toe Jacobus nagenoeg 43 jaar oud is. Twaalf van hulle kinders is daar gebore.

Jacobus en die gesin trek in 1776 na Weltevrede en daar woon hulle nog 27 jaar.

Jacobus en Maria se hoofdorp was Swellendam. In 1745 is daar 'n Landdroskantoor gevestig. Die gebied het egter onder die kerk te Tulbagh ressorteer en daar is eers in 1798 'n kerk op Swellendam gevestig.

Eiendom

Jacobus se pa, Johannes Janse van Rensburg, is ongeveer 1775 oorlede en toe erf Jacobus f1000 van hom. Jacobus was toe al 'n gevestigde boer.

Die skrywer van *Die Rietvleiers*²² het blybaar baie van die plase van die Van Rensburgs waарoor hy skryf, besoek. Hy het, sover moontlik, op elke plaas nagegaan waar die ou werwe was en watter ou opstalle daar is. Op dié wyse het hy baie interessante gegewens ontsluit. Daar is egter nie uitsluitsel oor die ligging van een van die opstalle van Jacobus-hulle nie en daarom word die betrokke vertellings nie hier ingesluit nie.

Die plaas **Melkhoutfontein (No. 449)**²³ word aan Jacobus toegeken: "Werd door deezen Gepermitteerd aan den Landbouwer Jacobus Jansz van Rensburg omme voor den tyd van een geheel Jaar met zijn Vee te mogen gaan leggen en weijden aan de melkehoute fonteijn gelegen digh aan de mond van die gouritz Rivier"²⁴ Die toestemming word blybaar op 28 Januarie 1752 verleen, maar die laaste syfer van die datum is nie duidelik leesbaar nie en dit kan ook 1751 wees. Op die toestemmingsbrief is 'n hele aantal jaarlikse verlengings van die verblyfreg genoteer en daarvolgens kom dit voor asof die aanvanklike toestemming in 1752 verleen is.

In 1771 is toestemming aan Jacobus verleen om die plaas **Ystervarkfontein (N. 461)**²⁵ naby die Gouritsrivier en aan die see te beset²⁶. Die plaas was nie te ver van Melkhoutfontein af geleë nie. Hy verlaat die plaas in Oktober 1774, maar bekom dit weer op 4 Augustus 1784. Daar is tot 1793 aantekeninge dat die rekognisiegeld betaal is²⁷. Die aanduidings is dat Jacobus-hulle op Melkhoutfontein en later op Weltevrede gewoon het en dit is moontlik dat Ystervarkfontein as veplaas gebruik is.


Jacobus Janse van Rensburg

*Werd door deesen Gepermitteert
aan den land bouwer Jacobus Jansz: van Rensburg
omme voor den tyd van een geheel Jaar met syn vee te mogen
gaan leggen en weyden op de plaats gen: de Yservarkens
fontein gel: tusschen de Kafferskuijs en Gourits rivier aan't strand*

Uittreksel uit die toekenning van Ystervarkfontein: "Werd door deesen Gepermitteert aan den landbouwer Jacobus Jansz: van Rensburg omme voor den tyd van een geheel Jaar met syn vee te mogen gaan leggen en weyden op de plaats gen: de Yservarkensfontein gel: tusschen de Kafferskuijs en Gourits rivier aan't strand ..."²⁸

Op 2 Februarie 1776 het Jacobus toestemmimg tot okkupasie van **Weltevreden (No. 300)** aan die Valsrivier verkry²⁹. Die plaas Weltevrede 300³⁰ is 'n buurplaas aan die westekant van Jacobus se pa se plase Twee Kuylen en Aan Valsrivier.

Die plaas **Buffelshoek 455**³¹ is aan Jacobus toegeken op 26 Januarie 1782 en daar is aantekeninge van die betaling van die rekognisiegeld in 1785, 1786, 1789 en 1791. Die plaas is 'n buurplaas van Ystervarkfontein en aangrensend oos daarvan teen die strand geleë – dus nader aan Gouritsriviermond.



Daar is nie baie gegewens oor Jacobus in die opgaafrolle nie. In 1757 is aangedui dat hy 3 perde, 30 beeste en 150 skape het.

In 1773 is daar aangedui dat Jacobus 3 manslawe het. Hy het ook 4 perde, 100 beeste en 200 skape gehad.

Kerk en gemeenskap en besoekende reisigers

In 1754 het Jacobus, saam met sy broers Nicolaas, Johannes Frederik en Hendrik Christoffel lidmaat geword van die kerk te Roodezand oftewel Tulbagh³². Hy was toe reeds 21 jaar oud, reeds getroud en boer op Melkhoutfontein. Die kerk te Swellendam is in 1798 gestig en dit word aanvaar dat hulle toe daar lidmate was.

Weltevreden was blykbaar geleë op 'n roete na die oostelike binneland. In *Die Rietvleiers ...*³³ word verhaal van verskillende reisigers wat daar aangedoen het:

Jacobus Janse van Rensburg

- Op 25 Oktober 1773, nog voordat Jacobus op Weltevreden gewoon het, het 'n Sweed, Carl Peter Thunberg, by Weltevreden aangedoen.
- Reeds in 1775/76 het Anders Sparrman, 'n Sweed, by Weltevreden aangedoen. Die heenreis was voordat Jacobus daar gewoon het en ten opsigte van die terugreis in Maart 1776 is daar nie 'n aanduiding dat hy met Jacobus kontak gemaak het nie.
- In 1776 het Hendrik Swellengrebel 'n reis na die oostelike binneland onderneem en is die reisjoernaal bygehou deur Pieter Cloete. Hulle het op 9 Desember 1776 blykbaar middagete by Jacobus-hulle geniet.
- Goewerneur Joachim van Plettenberg het in 1778 'n reis na die oosgrens van die Kaap onderneem. Tydens die terugtoer het hulle op 13 November 1778 by Jacobus aangedoen en die nag daar oorgebly.
- Nadat die eerste Britse besetting van die Kaap (1795 – 1803) eindig, en die Kaap onder Nederlandse bewind geplaas is, onderneem Kommissaris-Generaal De Mist 'n reis waartydens op 16 Desember 1803, 'n dag na Jacobus se begrafnis, by Weltevreden aangedoen word. Hieroor word later meer vertel.

Huwelik, gesin

Daar is vir Jacobus en Maria 14 kinders aangeteken, waarvan agt seuns was. Soos hieronder aangehaal word, het dr. Heinrich Lichtenstein daarna verwys dat daar 17 kinders was waarvan 14 nog geleef het in 1803. Jacobus en Maria het 59 Janse van Rensburg kleinkinders gehad. Die kinders wat aangeteken is, is soos volg:

- Amerentia, getroud met Barend Daniel Bouwer.
- Elsje, getroud met Andries Christoffel Piek.
- Johannes, getroud met Martha Potgieter. Hy was die vader van Jacobus Johannes (Lang Hans) Janse van Rensburg wat een van die vroegste Voortrekkers was en waarvan die hele trekgeselskap vermoor is.
- Jacobus Johannes, agtereenvolgens getroud met Judith Strydom en Martha Magdalena Engelbrecht.
- Anna Margaretha, getroud Cornelis Johannes Snyman.
- Nicolaas, getroud met Maria Grobbelaar.
- Aletta Magdalena, getroud met Christoffel Snyman.
- Maria Catharina, getroud met Cornelis van der Wat.
- Margaretha Isabella, getroud met Daniel Benjamin Lombard.
- Hendrik Christoffel, getroud met Christina Catharina du Buis.
- Theunis, getroud met Margaretha Magdalena Scholtz.
- Philippus Marthinus, getroud met Susanna Johanna Maria Jordaan.
- Sophia Elizabeth, getroud met Wessel Oosthuizen.
- David Benjamin, getroud met Susanna Johanna Fourie.

Latere lewensjare

Jacobus en Maria het op 10 Maart 1778 'n testament gemaak te Swellendam. Hulle stel mekaar aan as erfgename sodat die langslewende erf. Die langslewende is egter verplig om die kinders 'n Christelike opvoeding te gee en daar moet twee eerbare manne aangestel word as "... toesiende voogden ...".³⁴ Die testament is op 19 April 1804, na Jacobus se dood, ingediend by die Weeskamer.

In 1803 het Kommissaris-Generaal De Mist 'n uitgebreide reis in die Kaap onderneem. Op 16 Desember 1803 kom hulle by Weltevreden aan waar Jacobus die vorige dag begrawe is. In *Die Rietvleiers ...*³⁵ word soos volg aangehaal uit die werk van dr. Heinrich Lichtenstein, 'n lid van die reisgeselskap: "Zijn 65 jarige weduwe had 17 kinderen gehad, waarvan er nog 14 in leven waren, allen gehuwd. De nakomelingskap telde nu reeds over de 100 zielen. De familiekerkhof lag op die plaats, naast de tuin."

Die bogenoemde reisverslag dui dus daarop dat Jacobus teen die middel van Desember 1803 oorlede is en op Weltevreden begrawe is. Maria oorleef Jacobus en daar kon nie bepaal word wanneer sy oorlede is nie.

Jacobus Janse van Rensburg

- ¹ Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam as noemnaam.
- ² Afgelei van doopdatum.
- ³ SAG 9. Bl. 273.
- ⁴ Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Somerset-Wes. Deur skrywer uitgegee. ISBN 0-620-18691-7. Bl. 57.
- ⁵ Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 57.
- ⁶ TAB FK 2181.
- ⁷ Afgelei van doopdatum.
- ⁸ TAB FK 2186.
- ⁹ Anon. 1988. *Die eerste gemeente en daarna ... Lantern Jaargang 37 nr. 2. Mei 1988*. Bl. 37.
- ¹⁰ Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 45.
- ¹¹ Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project*. Webwerf <http://www.e-family.co.za/ffy>.
- ¹² TAB FK 2181.
- ¹³ Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project*.
- ¹⁴ Schoeman, Karel. 2001. *Armosyn van die Kaap: Die wêreld van 'n slavin, 1652 – 1733*. Kaapstad: Human en Rousseau. ISBN 0 79814 109 3. Bl. 346.
- ¹⁵ SAG 1. Bl. 360.
- ¹⁶ Schoeman, Karel. 2001. *Armosyn van die Kaap: Die wêreld van 'n slavin, 1652 – 1733*. Bl. 468.
- ¹⁷ Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project*.
- ¹⁸ Schoeman, Karel. 2001. *Armosyn van die Kaap: Die wêreld van 'n slavin, 1652 – 1733*. Bl. 468.
- ¹⁹ Els, Annelie. 2010. *Jean Durand en sy huwelik – Groot fout met die datums van heelwat huwelike*. E-pos aan Genforum op 9.3.2010 vanaf annelie@who-els.co.za. In die e-pos voer Annelie Els aan dat die bladsye in die Stellenbosche Doopregister verkeerd ingebind is en bladsy 9 eers na bladsy 10 ingebind moet wees. Die gevolg is dat 'n hele aantal huwelike wat in 1714 aangegaan is voorheen aangedui is as aangegaan in 1717.
- ²⁰ TAB FK 2186.
- ²¹ Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 47.
- ²² Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*.
- ²³ Madmappers: Kaart 3421BC. GEO (WGS84) 34°18'16.15" S 21°48'47.73" O. Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series. DVDs 1 en 2. Versprei deur Madmappers.
- ²⁴ KAB RLR 12/3. Bladsy [425].
- ²⁵ Madmappers: Kaart 3421BC. GEO (WGS84) 34°22'07.99" S, 21°41'36.08" O.
- ²⁶ KAB RLR 21/2. Bl. [339].
- ²⁷KAB RLR 32. Bl. [71].
- ²⁸ KAB RLR 21/2. Bl. [339].
- ²⁹ Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 48.
- ³⁰ Madmappers: Kaart 3421BA. GEO (WGS84) 34°07'39.78" S 21°31'27.30" .
- ³¹ Madmappers: Kaart 3421BC. GEO (WGS84) 34°21'28.57" S, 21°44'03.27" O. s
- ³² Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 45.
- ³³ Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 56 - 57.
- ³⁴ KAB MOOC 7/1/49. Verw. 32.
- ³⁵ Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 57.



Die Drosdy op Swellendam

Jacobus Janse van Rensburg